1X B 11/9/09.

Voorlopige Sekwestrasie

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA**

**(WES-KAAPSE HOË HOF, KAAPSTAD)**

Saak no. 19027/09

Voor sy Edele Regter Bozalek

Op Vrydag 11 September 2009

In die aangeleentheid tussen:

STEPHANUS HUNTER VAN ZYL
h/a LA COTEAU BOERDERY — Applikant

en

ALIDA NEL — Respondent
(ID NO. 640814 0029 082)

Getroud buite gemeenskap van Goed met Willie Jacobus Nel

Woonagtig te Waterpoel de Windmeul, Windmeul, Paarl, Provinsie Wes-Kaap.

---

**BEVEL**

---

Na deurlees van die stukke en aanhoor van die Advokaat namens Applikante, gelas die Hof as volg:

REGISTRAR, HIGH COURT
14 SEP 2009
CAPE TOWN/KAAPSTAD
GRIFFIER: HOOGGEREGSHOF

1. Dat die boedel van die Respondent onder voorlopige sekwestrasie in die hande van die Meester van die Hooggeregshof geplaas word;

2. Dat 'n bevel *nisi* uitgereik word in terme waarvan die Respondent opgeroep word om op **Vrydag 16 Oktober 2009** om **10H00**, of so gou daarna as wat die saak aangehoor kan word, redes aan te voer, indien enige, waarom:

   2.1. Die boedel van die Respondent nie onder finale sekwestrasie geplaas moet word nie; en

   2.2. Die koste van hierdie aansoek nie beveel moet word om koste te wees in die sekwestrasie nie;

3. Dat hierdie Bevel:

   3.1 Op die Respondent persoonlik beteken word deur die Balju van hierdie Agbare Hof; en

   3.2 Beteken word op die Suid Afrikaanse Inkomste Diens;

   3.3 Op werknemers van die Respondent, indien enige.

   3.4 Op krediteure met eise van meer as R5000-00 per geregistreerde pos;

REGISTRAR, HIGH COURT
14 SEP 2009
CAPE TOWN/KAAPSTAD
GRIFFIER: HOOGGEREGSHOF

4. Verdere en/of Alternatiewe Regshulp.

**OP LAS VAN DIE HOF**

**HOF GRIFFIER**

REGISTRAR, HIGH C...
14 SEP 2009
CAPE TOWN/KAAPSTAD
GRIFFIER: HOOGGEREGSHOF

BUS 59
VISAGIE VOS EN VENNOTE
Kerk Straat 33
Kaapstad